# Hoërskool Transvalia

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ........................................

2023/04/18

**OUER-OMSENDBRIEF NO 2 VAN 2023**

Geagte Ouer/ Voog

**RAPPORTE – KWARTAAL 1**
Die rapporte/ puntestrokies vir Gr. 8 tot 12-leerlinge sal Vrydag 21 April 2023 uitgegee word.

**OUERAAND**
'n Oueraand sal plaasvind op Dinsdag 25 April 2023 vanaf 17:30 tot 19:30 in die saal, waar leerlinge se vordering bespreek kan word.

**VAKVERANDERINGS**
Alle vakveranderings vir graad 10-leerlinge sluit Woensdag 26 April 2023. Hierna sal leerlinge glad nie 'n vak kan verander tot die einde van die jaar nie. Graad 11-leerlinge se vakveranderings het reeds gesluit.

**WINTERSDRAG**
Neem asseblief kennis dat die volledige Wintersdrag vanaf 1 Mei verpligtend is vir leerlinge soos ook in die dagboekie uiteengesit is. Slegs Vrydae mag die volledige sweetpak in die winter gedra word. Gedurende die res van die week word geen sweetpakbaadjie by die skoolklere toegelaat nie.

Ons is bewus daarvan dat daar huidig nie sweetpakke beskikbaar is nie. Leerders wat nie 'n sweetpak het nie trek normale Wintersdrag aan.

**PERSONEELKONSERT IN SAMEWERKING MET DIRK VAN DER WESTHUIZEN**
- 2 Mei 2023
- 18:00
- R50 p/p
- Slegs kontant/kaart
- Kaartjies te koop by Me. M. Herbst voor skool in vierkant



5563 ONS Print: 0861 667 123

**OPEDAG**
- 3 Mei 2023

**MNR & MEJ VALIA**
- 4 Mei 2023
- R100 p/p
- Slegs kontant en kaart.

**SKAAKTOERNOOI**
- 6 Mei 2023
- Transvalia skoolsaal
- Registrasie vanaf 7:00
- Opening 7:45
- Eerste rondte begin 8:00.

**GR.12 OPVOERING**
Die graad 12-opvoering oor hulle voorgeskrewe werk, Onderwêreld, vind op 25 Mei om 13:00 plaas.

**HOKKIE – TRANSVALIA ASTRO TURF PROJEK**
Met groot opgewondenheid pak ons die projek aan en het al baie goed gevorder met onder andere die grond studies wat reeds voltooi is. Die ingenieur sowel as ontwerper is reg om te begin met die projek, maar ons het almal se hulp nodig. Dit gaan die skool en Hokkie gemeenskap baie help om Hokkie in die Vaaldriehoek te bevorder.

Die fondsinsameling gaan soos volg werk: 7 000 blokke word verkoop teen R1 500 elk (Daar is geen beperking op die hoeveelheid blokke per entiteit nie). Elke besigheid of persoon se naam sal lewenslank op die bord binne die klubhuis ten toon gestel word. Die ondersteunersbord sal ook op al ons sosiale media platforms verskyn.

Hoe vinniger ons 75% van die fondse insamel, hoe vinniger kan ons met die projek begin wat ongeveer 20 weke gaan neem.

Ons doen 'n beroep op almal om ons en die gemeenskap asseblief te ondersteun. Jou bydrae word opreg waardeer.

Valia groete.

**JR VENSKE**
Hoof